# AAN DIE V.U.—VAN DIE P.U.

Dit is met 'n hart vol dankbaarheid aan die Vader van alle kennis en wetenskap dat ons Universiteit op 20 Oktober 1955 mag weet dat die Here van die lewe 'n inrigting vir Christelike hoër onderwys in ons stamland, Nederland, op 20 Oktober 1880 tot stand laat kom het. Ons besef dat die stigting onder die genadige bestiering van onse God verwesenlik is.

Dit was 'n tyd van worsteling vir die gelowige gemeenskap, ook in Nederland, om op die gebied van die opvoeding van die jeug weer eens die Christelik-nasionale beginsel te laat geld. In Nederland het die stryd om C.N.S.O. byna die hele negentiende eeu geduur. In Suid-Afrika ken ons ook die stryd vanaf die begin van dieselfde eeu toe die liberalisme en die Britse imperialisme hul intrede in Suid-Afrika gedoen het. Soos in Nederland het in Suid-Afrika 'n stryd ontbrand om C.N.O. C.N.S.O. en C.N.O. was albei poginge om die laer en die middelbare onderwys op 'n hegte en egte Christelik-nasionale grondslag te hervestig. Maar daar in Nederland, soos hier in Suid-Afrika, kon en kan die goeie stryd nie beperk bly tot die terreine van die skoolonderwys nie, want die skole het leiers nodig!

En dit is hier waar die stryd om Christelike hoër onderwys (C.H.O.) amper nog dringender is! Die manne en vroue wat die volk op intellektuele en opvoedkundige gebied moet dien en lei, kan alleen kom van inrigtinge vir hoër onderwys. Daarom vind ons dat die Nederlander sowel as die Afrikaner nie kon rus en ook nie gerus het nie tot hulle inrigtinge vir Christelike hoër onderwys verkry het.

So het in 1880 die gelowige Nederlandse volk sy De Vrije Universiteit (Universitas Libera Reformata) verkry, waardeur nie alleen die beoefening van die reformatoriese wetenskap verseker is nie, maar ook die opleiding van leiers op allerlei gebied en in die besonder op die gebied van die Christelike onderwys en opvoeding.

Die stigting van De Vrije Universiteit is vir die Nederlandse volk van onskatbare waarde soos blyk uit die skare van wetenskaplikes aan die Nederlandse volk gelewer in die 75 jaar van sy bestaan. Maar daaroor gaan dit nie hier nie.

Die stigting van De Vrije Universiteit is vir die gelowige Afrikanervolk van net sulke onskatbare waarde, getuie die invloed van die groot skare

van Afrikaners wat aan De Vrije hul akademiese opleiding onvang het. Dit is belangrik!

Maar nog belangriker in hierdie verband is die invloed van De Vrije direk op die Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys. Al wat die oorspronklike stigters van die Literariese Departement en die Teologiese Skool in 1869 nie die voorbeeld van 'n vrye universiteit gehad nie, het die stigting van De Vrije Universiteit sinds 1880 groot betekenis verkry vir die eventuele stigting van 'n inrigting vir Christelike hoër onderwys in Suid-Afrika. Toe in 1919 die Literariese Departement afgeskei is en die Potchefstroomse Universiteitskollege vir Kristelik Hoër Onderwys gestig is, en toe die P.U.K. vir K.H.O. in 1921 by die Universiteit van Suid-Afrika ingelyf is, het ons voorvaders altyd die idee en ideaal van De Vrije Universiteit as die lig voor in die wapad gehad. Ons eerste rektor, prof. dr. F. Postma, en ons grootste ondersteuner, prof. dr. J. D. du Toit van die Gereformeerde Teologiese Skool op Potchefstroom, was albei alumni van De Vrije Universiteit, die eerste in die Klassieke en die tweede in die Teologie gevorm. Sinds 1919 is die gees en rigting dieselfde as die van De Vrije, en is die wetenskaplike vorming alhier grotendeels beïnvloed en bepaal deur die geskrifte van hoogleraars van De Vrije Universiteit. Name van manne soos Kuyper, Bavinck, Woltjer en later soos Waterink, Dooyeweerd, Vollenhoven, is hier net so bekend as aan De Vrije. Hul geskrifte word vandag hier nog as gesaghebbend erken en gebruik. Dit is egter nie net op die terrein van die lettere en wysbegeerte dat De Vrije invloed uitoefen op die P.U. nie, maar so langsaam begin vakgeleerdes van die V.U. op die gebied van die natuurwetenskappe, die ekonomiese en die sosiale wetenskappe ook na vore te tree en steek hulle ook vir ons die regte lig na bo.

Die P.U. wil by die 75-jarige fees van die V.U. sy opregte dank en waardering en sy innige meelewing in die groot geleentheid betuig. Daarby wil die Raad en Senaat van die P.U. die V.U. in al sy funksies en aktiwiteite aan die genadige sorg en bestier van ons gesamentlike Here en God in die gebed opdra.

Universitas Libera Reformata vivat, crescat, floreat!

J. CHR. COETZEE,
Rektor-P.U.